**Saterdag 1 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 22**
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 22:5**

## My beste vir die Here

Een van die grootste teleurstellings wat Dawid seker beleef het, was dat die Here hom verbied het om ’n tempel te bou. Die Here het genoegsaam rede gegee: Jou lewe is gekenmerk deur bloed en geweld! Dawid kan nie stry nie. Hy besef dit. Nie net is die bloed van sy vyande aan sy hande nie, maar ook binne sy eie gesin.

Dit verhoed Dawid egter nie om nie steeds iets te doen nie. Hy maak bymekaar. Hy tref voorbereidings, berei die materiaal en die middele voor om vir die Here die beste te gee – selfs beter as wat hy homself gegun het.

As ’n mens kyk na die hoeveelhede goud, silwer en yster wat hier genoem word, kan ons verstand dit nie begryp nie. Of die vertalers die hoeveelhede reg verstaan het, is nie belangrik nie – wat wel belangrik is, is die oorvloed.

Waarom? Ons lees van Dawid se gesindheid in 1 Kronieke 17:1: Hy sien wat hyself het, en wil vir die Here iets beters gee as wat hy homself gun. Let op: hy kyk na die houtversiersels en maak goud, silwer en brons bymekaar.

Sy eie lewe is gekenmerk deur sonde en bloedvergieting, maar sy seun se lewe sou deur die teenoorgestelde gekenmerk word: vrede. Daarom die naam: Salomo. Vrede! Met sy geboorte die naam Jedidja (die Here het hom lief), nou die wese van liefde in sy tweede naam: Vrede. Vrede wat die gevolg van liefde is.

Kyk na die gesindheid wat die Here hier vir ons leer! Dawid se beste vir die Here. God het egter ’n stappie verder gegaan. Wanneer Hy die ware Vredevors, sy Seun gee, is die prys en waarde meer as al die goud en silwer in die wêreld: bloed. Sy lewe. Dis die beste wat die Here vir my gee.

Wat antwoord ek Hom? Wat is my beste vir die Here?

*Sing: Psalm 144-1:4, 5*

*Dr. HF van Wyk (Hennie) (Christiana/Bloemhof)*